

Verandering van toestand

Sleutelwoorde

- **verandering van toestand** h stof verander van een materietoestand na h ander wanneer dit hitte verloor of bykry, bv. h vloeistof word h gas as dit genoeg verhit word
- **smelt** wanneer h vaste stof hitte bykry sodat dit h vloeistof word
- **verdamp** vloeistowwe kan na gasse verander
- **kondenseer** wanneer gasse na vloeistowwe verander
- **stol** wanneer h vloeistof hitte verloor sodat dit h vaste stof word



Roomys smelt en raak vinnig h vloeistof op h warm dag.



Die water in die nat wasgoed verdamp in die lug op baie warm dae.

Soos jy vroeër geleer het, is die drie materietoestande vaste stof, vloeistof en gas. Wanneer 'n materiaal van 'n vloeistof na 'n vaste stof, van 'n vaste stof na 'n vloeistof, van 'n vloeistof na 'n gas, of van 'n gas na 'n vloeistof verander, sê ons dat die materiaal 'n **verandering van toestand** ondergaan het.

Smelt – verander van vaste stof na vloeistof

As vaste stowwe verhit word, kan hulle in vloeistowwe verander. Byvoorbeeld, as ons hitte-energie by botter in 'n braaipan voeg, **smelt** dit en word 'n vloeistof. Die foto toon nog 'n voorbeeld van 'n vaste stof wat smelt.

Verdamp – verander van vloeistof na gas

Wanneer vloeistowwe genoeg verhit word, kan hulle in gasse verander. Wanneer dit gebeur, sê ons dat die vloeistof **verdamp**. Vloeistowwe verdamp wanneer dit verhit word. Byvoorbeeld, as jy water in vloeistofvorm verhit, verander dit na 'n gas wat waterdamp genoem word.

Kondenseer – verander van gas na vloeistof

Wanneer 'n gas afkoel, vorm dit weer 'n vloeistof. Wanneer gas terug na 'n vloeistof verander, sê ons dit **kondenseer**. Gasse kondenseer wanneer hulle hitte verloor. Byvoorbeeld, wanneer jy op 'n koue dag uitasem, koel die waterdamp in jou asem af en kondenseer na water in vloeistofvorm.